PIET MEIRING

Waarheid, geregtigheid, vergifnis en versoening: die Suid-Afrikaanse ervaring

INLEIDING

Wie sal die dag ooit vergeet, die glorieuse dag in Mei 1994, toe die nuutverkose president Nelson Mandela in Pretoria ingehuldig is as die eerste president van die Nuwe Suid-Afrika? Beelde van die feesviering, van die breë glimlag waarmee die president sy gaste op die podium by die Uniegebou omhels het – koninklikes, presidente en premiers van baie lande, asook oud-kollegas én oud-opponente in die bevrydingsstryd – is oor die wêreld gekaats. Onder, op die trappe en die grasperke en die strate voor die Uniegebou, het swart en wit, oud en jonk, sáám gedans en gesing. Straalvliegtuie het oor die skare geswiep met die kleure van die nuwe vlag van Suid-Afrika soos linte agterna. Die klanke van die nuwe volkslied het uit honderd duisende kele geklink: *Nkosi sikelele i'Afrika*, God seën Afrika!

'Dis te gou', het 'n Katolieke vader opgemerk: 'Dis heeltemal te gou! Ons maak 'n paddasprong van 'n tyd van stryd en lyding regoor na 'n tyd van vreugde en feesviering. Dis vroegtydig. Ons moes eers ruimte gemaak het vir 'n tyd van herinnering, van rou. Ons het die verlede van ons land nog nie behoorlik hanteer nie. En dit kan ons duur te staan kom. Dis onmoontlik om sommer só van mense te verwag om te vergewe en te vergeet.'

Wat maak ons met ons verlede?, was inderdaad die vraag op baie lippe in die jare 1990 tot 1994, in die aanloop tot die nuwe Suid-Afrika. 'Ons moet die verlede in die oë kyk', het Desmond Tutu by meer as een geleentheid gesê:

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

'Ons moet die boeke van die geskiedenis eers oopmaak voordat ons hulle kan toemaak.' Hy het dikwels Santayana se woorde aangehaal: 'Those who forget the past are doomed to repeat it.'[1]

Maar hoe doen 'n mens dit? Hoe moet die boeke oopgemaak word? Wat sal die gevolg daarvan wees? As al die pyn en lyding, al die onreg en geweld wat die slagoffers gely het, op die lappe kom, kan daar nog sprake van versoening wees? Daarby, hoe hanteer 'n mens die reële vrese van die groot getal oortreders? 'n Algemene amnestie was nie moontlik nie, maar só ook nie Nürnberg-tipe verhore nie. Hoe kon die behoeftes van die slagoffers en dié van die oortreders in balans gebring word? Hoe kon nie net hulle nie, maar ook die hele Suid-Afrikaanse samelewing op die pad van skuldbesef, sowel as van vergifnis en genesing en versoening begelei word?

Een van die eerste take van die nuwe parlement in Kaapstad was die loodsing van 'n *Waarheids- en Versoeningskommissie* (WVK), onder voorsitterskap van aartsbiskop Desmond Tutu. Die opdrag van die WVK was wyd: om 'n omvattende verslag op te stel van alles wat in Suid-Afrika onder die apartheidsregering plaasgevind het, om indien dit moontlik blyk amnestie te fasiliteer, om die duisende slagoffers op te spoor en aan hulle geleentheid te bied om hul ervarings te boekstaaf, asook om voorstelle te maak ten opsigte van reparasie en rehabilitasie van die slagoffers. Op dié wyse moes aartsbiskop Tutu en sy kommissie die weg voorberei vir versoening in die land.

Die WVK het uit drie komitees bestaan. Die eerste, die *Menseregteskendingskomitee*, het Suid-Afrika vir twee jaar lank deurkruis om slagoffers te ontmoet en aan hulle die geleentheid te gee om hul verhale te vertel. 'n Groot getal van dié verklarings is tydens altesaam 140 openbare verhore aan die publiek bekend gestel. Media-dekking was wyd. Elke dag het die koerante oor die gebeure verslag gedoen. Elke aand kon Suid-Afrikaners op televisie die

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

gesigte van die slagoffers sien, van mans, vroue en kinders uit die *townships* en uit die platteland, ook dié van blanke slagoffers van landmyne en straatbomme, party op krukke, ander in rystoele. Baie trane het gevloei – maar gewoonlik was dit trane van genesing. Terselfdertyd het die tweede komitee, die *Amnestiekomitee*, oor die aansoeke van meer as 7.000 oortreders geoordeel: senior politici en senior offisiere in die weermag, die polisie, die veiligheidspolisie en die korrektiewe dienste, tesame met 'n groot aantal oortreders vanuit die bevrydingsbewegings wat hulle aan wandade skuldig gemaak het. Die verhore was uitgerek en dikwels traumaties. Dit het die komitee uiteindelik ses jaar geneem om hulle verslag gereed te maak. Dwarsdeur die proses moes die derde komitee, die *Reparasie- en Rehabilitasiekomitee*, die slagoffers en hul gesinne begelei en oor toepaslike vergoeding en versorging beraadslaag. Uiteindelik moes reg en geregtigheid teenoor hulle geskied.

Toe aartsbiskop Tutu, ses jaar na die aanvang van die werk van die WVK (2002), die sewe volumes van die verslag aan die regering en aan die volk van Suid-Afrika oorhandig het, was daar 'n algemene gevoel van oplugting. Nou weet ons, ongeveer, wat alles in die land gebeur het, wat apartheid aan Suid-Afrika en sy mense gedoen het – en wat ons, op ons beurt, met slagoffers en oortreders behoort te doen. Maar het dit die land tot vergifnis en heling gelei?, was die groot vraag. Was ons op weg na egte versoening? Dis waarskynlik te gou om op dié vrae 'n afdoende antwoord te gee. Toekomstige historici sal uiteindelik die finale oordeel moet fel.

Wat wel waar is, en wat vir hierdie artikel van belang is, is dat ongeveer almal wat by die WVK betrokke was, kommissielede, slagoffers, oortreders, raadgewers, akademici, die media, die algemene publiek, onder die indruk daarvan gekom het dat die begrippe en ideale waarmee daar gewerk is – waarheid, geregtigheid, vergifnis, versoening – nie van mekaar geskei kon word nie, dat hulle onderling

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

aan mekaar verbonde en van mekaar afhanklik was. In die WVK-jare is hierdie begrippe ook nie in die eerste plek met teoretiese of filosofiese inhoude gevul nie, maar deur die vlees-en-bloed ervaring van mense in die geharwar van die Suid-Afrikaanse konteks gedefiniëer. Hieroor wil ek vanuit my eie ervaring as lid van die WVK graag enkele opmerkings maak.

VERSOENING – 'N MOEILIK DEFINIËERBARE BEGRIP

Die eerste probleem waarvoor die WVK te staan gekom het was: wat, presies, word met 'versoening' bedoel? Hoe moet die begrip omskryf word? Waarna moet die kommissie streef? Lang diskussies is om die tafel gevoer en tot op die einde was daar nog meningsverskil tussen die WVK-kommissarisse. Aan die een kant was daar die juriste en die politici wat met hul voete deeglik op die grond geplant verklaar het dat 'n mens nie te veel moet verwag nie. Daar moet gestreef word na wat moontlik is, nie meer nie. Wanneer die stof in die strate gaan lê, wanneer daar nie meer op mekaar geskiet word nie, wanneer mense mekaar nie meer aan die keel beet het nie, wanneer daar stilte in die gemeeskap daal – noem dit dan 'versoening'. Dit is wat haalbaar is in die Suid-Afrikaanse konteks. Op méér durf jy nie te hoop nie.

Aartsbiskop Tutu, tesame met 'n groepie kerkleiers en 'n paar oortuigde Christene wat op die WVK gedien het, aan die oorkant van die tafel, het anders gevoel. Versoening vra vir 'n hoë definisie. Dit gaan nie net om die afwesigheid van allerlei negatiewe faktore nie, maar om die aanwesigheid van alles wat goed en mooi en opbouend in die samelewing is. Onbeskaamd het Tutu en sy kollegas van religieuse taal gebruik gemaak. Versoening berus op die *sjaloom* waarvan in die Bybel gepraat word, was hul standpunt. Heel dikwels het die '*Arch*' (soos *Archbishop* Tutu genoem is) sy Bybel by Psalm 85 oopgemaak om *sja-*

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

loom te definiëer. Of by 2 Kor. 5, 17-18, om na Christus, die groot Versoener te verwys:

> Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit is alles die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.

Terselfdertyd het Tutu 'n uitnodiging gerig aan verteenwoordigers van al die ander godsdienste in die land: Jode, Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Afrika-tradisionaliste, om uit die diepste bronne van hul geloof alles na vore te haal wat die WVK kon lei tot 'n omvattende verstaan van wat versoening alles behels.

Ten spyte hiervan was die verwarring nooit heeltemal opgeklaar nie. Tot aan die einde het die WVK-kommissarisse van mekaar van mening verskil. In sy minderheidsverslag wat in die finale verslag van die WVK opgeneem is, het kommissaris Wynand Malan (advokaat en oud-politikus) hom van die 'godsdienstig-gelade begrip van versoening' gedistansiëer.[2] Die debat is ook buite die WVK-kantore gevoer. Verskeie navorsers en kommentators het vir 'n duideliker definisie van versoening gepleit. As ons nie daarin slaag nie, het hulle gesê, kon die hele WVK-proses sneuwel. As ons nie presies geweet het waarheen ons op pad was nie, hoe kon ons die volk op dié pad begelei?[3] Van tyd tot tyd is die vraag gestel of ons nie 'n alternatiewe woord vir 'versoening' moes soek nie, 'n begrip wat minder belaai was, wat 'n nuwe en vars verstaan van versoening na vore kon haal.

Meer nog: godsdienste oortuigings was nie net ter sprake by die *verstaan* van versoening nie, maar ook by die *proses* van versoening. Tutu het dwarsdeur die lewe van die WVK by amptelike geleenthede sy kerklike drag gedra, die pers gewaad van 'n aartsbiskop met 'n wit boordjie en 'n kruis. Openbare verhore is met gebed en met 'n lied geopen. Dit spreek vanself dat almal nie altyd daarmee gediend was nie,

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

nie die pers nie én ook nie 'n aantal WVK-kollegas nie. Die WVK, het hulle geargumenteer, is 'n openbare kommissie wat deur wetgewing tot stand gekom het en nie 'n kerklike of godsdienstige saak nie. In 'n land met 'n uitgesproke sekulêre regering moet so'n proses neutraal verloop. By een van die eerste menseregteskendingsverhore in Johannesburg het die hoof van die Johannesburgse WVK-kantoor Tutu versoek om só op te tree. As die vergadering plegtig geopen moes word, het Fazel Randera (wat die Moslemgemeenskap verteenwoordig het) gevra, moes hy as voorsitter, soos wat met parlementsopeninge gebruiklik is, slegs 'n halfminuut van stilte vir meditasie toelaat, en dan begin. Tutu het gemoedelik ingestem. Ek haal aan uit 'n kroniek van die dag se gebeure:

> Toe die klok nege-uur slaan, is die getuies en hul familielede die stampvol saal binnegelei. Tutu met sy kollegas het gevolg. Een vir een het die voorsitter die slagoffers met die hand gegroet. Toe is hy na die verhoog gegaan waar hy sy plek ingeneem het. Hy het vir 'n halfminuut stilte gevra. Die eerste getuie is na die tafel gebring en ingesweer.
>
> Maar Tutu kon maar net nie aan die gang kom nie. Hy het gaan sit. Hy het sy papiere heen en weer geskuif. Sigbaar ongemaklik het hy na die slagoffers, na die gehoor in die saal, gekyk. 'Nee, so kan dit nie! So kan 'n mens regtig nie begin nie', het hy oor die luidspreker gesê. 'Mense, maak toe julle oë dat ons kan bid!'
>
> 'n Lang, ernstige, gebed – tot Christus wat die waarheid is, tot die Heilige Gees wat ons vandag moet lei – het gevolg. Toe Tutu 'Amen' gesê het, het hy sy hande gevryf en die gehoor met 'n ontwapenende glimlag ingelig: 'So, nou is ons reg om te begin!'[4]

Fazel Randera en sy medestanders het die aartsbiskop goediglik gelyk gegee. Van toe af sou elke dag behoorlik

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

geopen en afgesluit word. Dit was duidelik: in 'n land waar vér oor die tagtig persent van alle inwoners hulself as godsdienstig beskou, was dit onmoontlik om oor diep-religieuse sake soos waarheid en versoening, oor geregtigheid en vergifnis, te praat as dit nie in 'n religieuse taal geklee en met godsdienste seremonies begelei word nie.

WAARHEID EN VERSOENING GAAN HAND AAN HAND

Dit was van die begin af duidelik: versoening en die soeke na waarheid gaan hand aan hand. Toe die destydse minister van Justisie Dullah Omar die WVK-wetgewing aan die Suid-Afrikaanse parlement voorgelê het, het hy alle landsburgers opgeroep 'to join in the search for truth without which there can be no genuine reconciliation'.[5] Maar hoe stel 'n mens 'die waarheid' vas? Ek herinner my die lang gesprekke wat ons hieroor gevoer het. Ná soveel verhore en nadat stapels papiere bestudeer is, hoe bepaal 'n mens wat regtig gebeur het, wat die ware motiewe van almal wat by die gebeure was, regtig was? Beskeidenheid pas ons, het ons besluit. Maar ons is tog deur die befaamde woorde van Michael Ignatieff, Kanadese politikus en menseregte-aktivis, bemoedig dat alhoewel ons nooit 'n perfekte prent sou kon skets van die finale waarheid nie, ons ten minste darem daarin geslaag het 'to curtail the number of lies that up to now had free reign in society'.[6]

Maar die soeke na waarheid behels veel meer as net die insameling van feite en die boekstawing van bevindinge. Dit gaan om iets veel diepers. In die tradisies van alle gelowe, het ons geleer, word die soeke na waarheid dikwels as 'n geestelike dissipline beskou. Om by die waarheid uit te kom het nie slegs te make met die insameling van historiese en juridiese feite nie. Dit het te make met begrip, met die aanvaarding van verantwoordelikheid, met geregtigheid, asook met die herstel en onderhouding van die brose verhoudings wat daar tussen mense bestaan. Meer

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

nog: dit het met ons soeke na die Finale Waarheid, met ons verhouding tot God self, te make. Hierdie soeke moes met die grootste moontlik omsigtigheid geskied, het die kommissarisse besef. As dit nie tydens die WVK-jare sou gebeur nie, was die gevaar daar dat die nasie dood sou bloei. Maar as die WVK wel daarin sou slaag, was die uitgesproke hoop, sou die proses na 'n ware katarsis kon lei, na vrede en versoening, na die punt waar die waarheid ons almal vry sou maak.

Dit het inderdaad ook so gebeur. Wanneer sommige oortreders ná heel veel smart en verleentheid hulle harte voor die *Amnestiekomitee* leeggepraat het, wanneer hulle die volle verhaal van hul wandade vertel het en ná ure van ondervraging uiteidelik gaan sit het, was dit asof die wolk wat jarelank oor hulle gehang het, weggeskuif het. Nadat die gewese minister van Polisie Adriaan Vlok, wat vir 'n hele aantal wandade voor die komitee moes verskyn, onder andere vir die verwoesting van die Hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke waarvoor hy verantwoordelik was, oor sy getuienis uitgevra is, was sy woorde:

> Gister, toe ek die laaste keer oor die Khotso Huis-aanval moes praat en die verteenwoordiger van die SA Raad van Kerke aan die Amnestiekomitee gesê het dat hulle tevrede was en dat hulle nie van plan was om my amnestie-aansoek teen te staan nie, het ek my oë gesluit… Die Here het my inderdaad op vreemde paaie geneem. Met 'n knop in my keel het ek vir die Here dankie gesê.[7]

Baie van die slagoffers het dieselfde ervaring gehad, hoe die waarheid wat geseëvier het hulle óók vrygestel het. By 'n verhoor in Soweto het 'n eerbiedwaardige grysaard vertel:

> When I was tortured at John Vorster Square my tormentor sneered at me: 'You can shout your lungs out. Nobody will ever hear you!' Now, after all these years, people are hearing me![8]

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

By die heel eerste menseregteskendingsverhoor in Oos-Londen het 'n Xhosa vrou in trane vertel van wat met haar seun gebeur het: hoe hy verdwyn het en deur die polisie gemartel is, hoe sy die jong seun se liggaam met talle brandwonde en skietwonde by die lykhuis moes gaan haal om hom gereed te maak vir sy begrafnis. Talle mense in die saal, ook die voorsitter, het haar trane gedeel. Tydens die etenspouse het ek haar gaan soek en haar gevra of dit regtig vir haar die moeite werd was om die lang reis na die verhoor aan te pak en om, met haar getuienis, al die ou wonde weer oop te krap. Haar reaksie was oombliklik:

> O yes, sir, it was worth the trouble. I think that I will immediately fall asleep tonight – for the first time in sixteen years. Perhaps, tonight, I will be able to sleep without nightmares![9]

Dit was egter nie alleen die oortreders en die slagoffers wat dit nodig gehad het dat die waarheid op die tafel kom nie, die Suid-Afrikaanse *nasie* het dit net so nodig gehad: om die waarheid te hoor, om deur die waarheid beskaamd te word, om met die waarheid te worstel – en uiteindelik ook deur die waarheid bevry te word. En dié proses is nog lank nie afgeloop nie. Tydens die WVK-jare het duisende slagoffers met hul verhale na vore gekom. Uiteindelik is die name van 25.000 opgeteken as geïdentifiseerde menseregte-slagoffers. By die *Amnestiekomitee* het 7.048 oortreders hulleself aangemeld. Vir baie van hulle was dit 'n helingsproses. Maar in Suid-Afrika is daar miljoene mense uit alle lae van die samelewing, slagoffers én oortreders, wat nog altyd met die verlede worstel, met die pyn en frustrasie en woede van baie jare. Daar is die miljoene wat nie gekwalifiseer het om voor die WVK te verskyn nie, maar wat ook slagoffers was van apartheid, teen wie gediskrimineer is, wat verguis is en soms gearresteer is, wat passe moes dra, wie se huise platgestoot is en wie se huishoudings verskuif is omdat hulle in sogenaamde 'blanke gebiede' gewoon het.

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

En dan is daar nog baie blankes wat óók gely het, wat hul geliefdes in plaasaanvalle en bomontploffings verloor het, wat hulle mans en seuns grens toe gestuur het om 'n oorlog te voer vanwaar talle nie teruggekeer het nie. Ook hulle het dit nodig om hulle verhale te vertel én om gehoor te word. Ook hulle het 'n behoefte daaraan om deel te kry aan die helingsproses. Een van die bekende swart skrywers in ons land, Ellen Kuzwayo, het dit só gestel:

> Africa is a place of storytelling. We need more stories, never mind how painful the exercise may be. This is how we will learn to love one another. Stories help us to understand, to forgive and to see things through someone else's eyes.[10]

GEREGTIGHEID EN VERSOENING IS TWEE KANTE VAN DIESELFDE MUNTSTUK

Dat geregtigheid (*justice*) en versoening baie nou aan mekaar verbonde is, het duidelik uit die WVK-ervaring geblyk. Nie net moes die gulle moontlikheid van amnestie vir oortreders met daadwerklike en ingrypende maatreëls om geregtigheid aan die slagoffers te laat geskied, gepaar word nie, ook in die breë samelewing moes dit duidelik wees dat geregtigheid aan die orde van die dag is. Alleen in 'n land waar die mense ervaar dat die reg seëvier, het ons van alle kante geleer, is daar sprake van eventuele genesing en versoening. In Suid-Afrika het dit vanselfsprekend beteken dat die nodige besluite geneem moes word en geld bewillig moes word om die reparasie en rehabilitasie van slagoffers 'n werklikheid te maak. Maar dit het om meer gegaan as dit: ook die wyer ongelykhede en onregverdighede in die land moes aan die orde kom: die endemiese armoede, werkloosheid, rassisme, ongelyke onderwysgeleenthede, die herverdeling van grond, korrupsie en geweld, ensovoorts.

Geregtigheid, het ek geleer, het verskillende fasette. Aartsbiskop Tutu het graag die verskil tussen *retributive*

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

justice en *restorative justice* beklemtoon. Eersgenoemde beteken dat die oortreder in eie munt terugbetaal word: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Daar was baie in Suid-Afrika wat van mening was dat die tyd daarvoor aangebreek het dat die senior politici, die hoofoffisiere in die weermag en die polisie, veral in die gevreesde veiligheidspolisie, voor die gereg gesleep moes word en dat swaar vonnise opgelê moes word. Tutu het egter vir laasgenoemde gepleit:

> There is another kind of justice: restorative justice, whose chief purpose is not punitive, but restorative, healing. It holds as central the essential humanity of the perpetrator of even the most gruesome atrocity, never giving up on anyone, believing in the essential goodness of all as created in the image of God, and believing that even the worst of us still remains a child of God with the potential to become better, someone to be salvaged, to be rehabilitated, not to be ostracized but ultimately to be reintegrated into the community. Restorative justice believes that an offence has caused a breach, has disturbed the social equilibrium, which must be restored, and the breach healed, in process through which the offender and the victim can be reconciled and peace restored.[11]

Thabo Mbeki, Nelson Mandela se opvolger as president van Suid-Afrika, het dinge anders gesien. Vir hom het dit bo alles om ekonomiese geregtigheid gegaan. In 'n dikwels-aangehaalde toespraak in die parlement, in 1998, het hy dit duidelik gestel. Waarna gestreef moes word was 'n samelewing waarin die onreg van die verlede uitgewis sou word en die lewe van alle landsburgers verbeter sou word. Om dit te bereik moes ekonomiese geregtigheid voorrang geniet:

> South Africa is a country of two nations. One of the nations is white and well-off, and because of their background

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

and their economic, physical, and educational infrastructures, they are able to exercise their right to equal opportunity and the development opportunities that flow from the new Constitution. The second and larger nation of South Africa, is black and poor with the worst being affected women in rural areas, the black population in general, and the disabled. This nation lives under conditions of grossly underdeveloped economic, physical, educational, communication and other infrastructures.[12]

Alex Boraine, die ondervoorsitter van die WVK, was op sy beurt besorg daaroor dat versoening ten koste van geregtigheid en van sosiale aksie nagestreef sou word. Hy het graag die woorde van die Filippynse digter J. Cabazares aangehaal:

Talk to us about reconciliation
Only if you first experience
The anger of our dying.
Talk to us about reconciliation
If your living is not the cause of our dying.
Talk to us about reconciliation
Only if your words are not products of your devious scheme
To silence our struggle for freedom.
Talk to us about reconciliation
Only if your intention is not to enrich yourself
More on your throne.
Talk to us about reconciliation
Only if you cease to appropriate all the symbols
And meanings of our struggle.[13]

Om op te staan ter wille van geregtigheid is moeilik. Dit kan selfs gevaarlik wees. Daar is dikwels 'n hoë prys voor te betaal. Bo alles vra dit van jou dat jy jouself met die slagoffer sal identifiseer, sal gaan sit waar hy of sy sit. Toe Beyers Naudé gedurende die apartheidsjare in Johannesburg verhoor is, het die advokaat vir die verdediging aan

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

hom gevra hoe hy oor versoening oordeel. Sy woorde sou jare later ons diskussies om die WVK-tafel rig:

> No reconciliation is possible without justice, and whoever works for reconciliation must first determine the causes of injustice in the hearts and lives of those, of either the persons or groups, who feel themselves aggrieved. In order to determine the causes of the injustice a person must not only have the outward individual facts of the matter, but as a Christian you are called to identify yourself in heart and soul, to live in, to think in, and to feel in the heart, in the consciousness, the feelings of the person or the persons who feel themselves aggrieved. This is the grace that the new birth in Jesus Christ gives a person – every person who wishes to receive it.[14]

BELYDENIS EN VERGIFNIS

Versoening vra vir 'n egte, eerlike belydenis – en vir 'n gewilligheid om te vergewe. Die WVK-wetgewing het nie daarvoor voorsiening gemaak, dat oortreders wat om amnestie aansoek doen, óók in die openbaar om vergifnis moes vra nie. En tog staan dit soos 'n paal bo water: blywende versoening berus op die kapasiteit van oortreders, indiwidue sowel as gemeenskappe, om hul skuld eerlik en hartgrondiglik teenoor God en teenoor hul medemense te bely en om, nederig, om vergifnis te pleit. Net so rus dit op die grootmoedigheid en die genade van die slagoffers om na die oortreders uit te reik, om vergifnis te skenk. 'n Aangrypende voorbeeld van hoe dit kan geskied, kom van Nelson Mandela wat nadat hy vir sewe en twintig jaar in die gevangenis opgesluit was, met al die pyn en onreg wat daarmee gepaard gegaan het, met 'n breë glimlag uit die tronk gestap het, met één doel voor oë: om swart en wit met mekaar te versoen. Hy vertel self:

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

> It was during those long and lonely years that my hunger for the freedom of my own people became a hunger for the freedom of all people, white and black. I knew as well as I knew anything that the oppressor must be liberated just as surely as the oppressed. A man who takes away another man's freedom is a prisoner of hatred, he is locked behind the bars of prejudice and narrow-mindedness. I am not truly free if I take away someone else's freedom, just as surely I am not free when my freedom is taken away from me. The oppressed and the oppressor alike are robbed of their humanity. When I walked out of prison that was my mission, to liberate the oppressed and the oppressor both.[15]

Desmond Tutu bespreek in sy boek *No Future Without Forgiveness* hoe vergifnis in die praktyk werk. In die eerste plek moet 'n mens aanvaar dat vergifnis 'n riskante saak is, sê hy. Om vergifnis te vra én te gee, stel beide partye broos en wondbaar. Beide loop gevaar om verwerp te word. Die hele proses kan ontspoor omdat die slagoffers nie in staat is om te vergewe nie, óf omdat die oortreders as gevolg van hul onsensitiwiteit of arrogansie nie *wil* vergewe word nie. Maar onthou, troos die aartsbiskop, vergifnis en versoening is bedoel om 'n waagsame en baie duur oefening te wees. Versoening is nooit goedkoop nie. Vir God het dit die dood van sy Seun gekos!

Daarby, sê Tutu, bestaan daar die misverstand by baie dat versoening van 'n mens vra dat jy die foute en onregte van die verlede vergoeilik, asof versoening op nasionale amnesia berus. En dit is totaal en al verkeerd. Vergifnis en versoening beteken nie dat jy maak asof dinge anders is as wat die geval is nie. Dit beteken nie om mekaar op die rug te klop nie en om 'n blinde oog te draai nie. Ware versoening laat juis die lig op die verskriklikheid van wat gebeur het, die misbruik, die pyn, die degradasie, die waarheid, val. Partykeer maak dit dinge erger! Dit is 'n riskante onderneming, maar op die ou end is dit die moeite werd, want ware genesing kom waar die werklike situasie han-

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

teer is. Oppervlakkige, valse versoening baar oppervlakkige, valse genesing!

Wat vergifnis wél vra is dat jy jou reg tot retribusie, jou reg om die oortreder in eie munt terug te betaal, prys gee. Maar dié verlies is die moeite werd, want daardeur word die slagoffer bevry. In sy boek vertel Tutu van 'n resente uitgawe van die Amerikaanse tydskrif *Spirituality and Health* wat op sy voorblad 'n foto van drie Amerikaanse soldate, oud-krygsgevangenes, by die Vietnam War Memorial in Washington staan, gepubliseer het.[16] Die eerste soldaat vra vir sy maat: 'Het jy al die Viet-Kong vergewe vir wat hulle alles aan ons gedoen het?' – 'Ek sal hulle nooit vergewe nie!', kom die antwoord heftig. Soldaat Nommer Drie merk op: 'Dan lyk dit vir my dat hulle jou nog steeds gevange hou!'

Dit is ook nie net indiwidûe wat om vergifnis moet vra, of wat geroep word om vergifgnis te skenk nie. Dit geld ook van gemeenskappe – veral van die leiers van dié gemeenskappe. Daar was heelwat voorbeelde hiervan, wat ons om die WVK-tafel met mekaar kon bespreek. In 1970 het Willy Brandt, kanselier van Duitsland, voor die oorlogsgedenkteken in Warskou gekniel, in stille erkenning en belydenis van die oorlogsmisdade van die Duitsers tydens die Tweede Wêreldoorlog. 'n Paar jaar later, in 1976, het President Gerald Ford 'n amptelike apologie aangebied aan die 120.000 Amerikaners van Japanse afkoms wat ná die aanval op Pearl Harbour (1941) deur die Amerikaanse regering gearresteer en verneder is. Daar was ook die optrede, in Maart 2000, van Pous Johannes Paulus II, wat tydens 'n mis in Rome die foute en wreedhede wat in die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk na vore gekom het, bely het: tydens die kruistogte, met die Inkwisisie, hoe Moslems, Jode, die mense van Latyns-Amerika, asook lidmate van die Oosterse Ortodokse Kerk, gedwing is om die Katolieke geloof te aanvaar. Wat ons eie konteks betref: in 1986, tydens 'n groot kerkberaad in Rustenburg, het Professor Willie Jonker namens die Nederduitse Ge-

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

reformeerde Kerk én namens die hele Afrikaanse volk, 'n hartgrondige skuldbelydenis afgelê en vergifnis gevra vir die pyn en onreg en vernedering wat miljoene mede-Suid-Afrikaners as gevolg van apartheid moes ly.

In 'n persverklaring van 8 Mei 1997 het aartsbiskop Tutu namens die WVK 'n beroep op alle politieke leiers in die land gedoen om soortgelyke simboliese handelinge, dade van versoening, te onderneem. Hy het President Mandela gevra om in Kerkstraat, Pretoria, waar 'n ANC-bom die lewens van talle onskuldiges geëis het, 'n versoenings-seremonie te hou. Van Mangosuthu Buthelezi, Zoeloe-leier, het hy gevra om 'n versoenings-seremonie in die Kwa-Makutha gemeenskap te hou, waar vroue en kinders deur Buthelezi se Inkhata Freedom Party-ondersteuners vermoor is. Hy het Stanley Mogoba, leier van die Pan Africanist Congress, gevra om 'n spesiale diens in die St. James-kerk in Kaapstad te gaan hou, ter herinnering aan die groot getal slagoffers wat in 'n aanval op die kerk gesterf het. Laastens het hy ook van President F.W. de Klerk gevra om 'n reis na Boipatong te onderneem, na die plek waar 'n wrede menseslagting plaasgevind het, om om vergifnis te vra en om die mense op te roep tot versoening.[17] 'Would it not be wonderful', het Tutu gesê, 'if all the leaders of these political parties could go to the site of a notorious atrocity committed by his side and say: "Sorry – forgive us." With no qualifications, no "buts" or "ifs".' Hartseer genoeg, het nie een van die leiers op Tutu se oproep gereageer nie – en het versoening in die land daardeur skade gely.

Dat versoening nie 'n goedkoop onderneming was nie, het ons besef. Versoening kan nie georganiseer of gereël word nie. Dit kan nie op mense afgedwing word nie. En tog gebeur dit van tyd tot tyd. In die annale van die WVK is talle voorbeelde hiervan opgeteken. Tutu het daarvan getuig:

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

> It never ceases to astonish me, the magnanimity of many victims who suffered the most heinous violations, who reach out to embrace their tormentors with joy, willing to forgive and wanting to reconcile.[18]

Maar dit vra van almal wat daarby betrokke is, geweldig baie: geduld, insig, wilskrag, 'n sterk verbintenis en oneindig baie liefde. Want die proses hou inderdaad risikos in. Om 'n brugbouer te wees vra *per se* dat mense oor jou sal loop, dat hulle op jou sal trap! Jesus, die uiteindelike Versoener, het sy lewe op die spel geplaas – en Hy verwag van ons om Hom te volg. Tydens die 1930s het Dietrich Bonhoeffer die kerk ernstig gewaarsku teen die gevaar van 'goedkoop genade' wat die dodelike vyand van die evangelie is. 'Duur genade', daarenteen, vra van ons dat ons in die lig van alles wat Christus vir ons gedoen het, ons hele lewe, alles wat ons is en besit, in sy diens sal plaas, dat ons gewillig sal wees om saam met Hom te ly. Dit het vir my persoonlik tydens die WVK-jare duidelik geword, dat ons 'n soortgelyke ernstige gevaar in die oë staar, die van 'goedkoop versoening' benodig, wat óók 'n doodsvyand van die evangelie is! 'Duur versoening' is wat ons, in ons konteks, oneindig nodig het.

DIE DROOM BEWAARHEID?

Twee dekades het reeds verloop sedert die glorieuse dag in Mei 1994, toe Nelson Mandela vir die skare gewuif het, toe die klanke van die nuwe volkslied in die strate geklink het. Die jare van swaarkry en pyn was verby. Die bevryding het gekom. Die verwagtings was hoog. Die droom van 'n nuwe Suid-Afrika was besig om waar te word!

Interessant genoeg was Mandela nie die eerste om te droom nie. Sestig jaar gelede, tydens die hoogbloei van apartheid, het 'n blanke Afrikaner, regter H.A. Fagan, 'n begrafnis in 'n swart gemeenskap bygewoon. Daar was 'n groot skare, dié dag, wat die lied *Nkosi sikelele i'Afrika* uit

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

volle bors gesing het. Diep geroer het die regter tuis 'n gedig geskryf waarin hy van 'n verenigde land gedroom het, waar Suid-Afrikaners vanuit alle gemeenskappe hande vat om één lied aan te hef:

Nkosi sikilel i-Afrika

Uit duisende monde word die lied gedra.
Ek sluit my oë; soos 'n serafskoor
val daar stemme strelend op my oor:
'Nkosi sikelel i-Afrika' –
ons vra U seën, Heer, vir Afrika.
Ek kyk, en sien die skare voor my staan:
Zoeloe en Kosa, Soeto en Sjangaan,
en ek, 'n Blanke – vele volke, ja –
almal verenigd om Gods seën te vra
op net een tuiste, net een vaderland,
want die Alwyse het ons saamgeplant
en saam laat wortel in Suid-Afrika.
'Nkosi sikelel i-Afrika' –
seën, Heer, die land wat vele volkre dra.[19]

Is ons reeds daar? Het die droom uiteindelik waar geword? Ten spyte van heelwat positiewe dinge wat reeds plaasgevind het, is die proses nog vér van afhandeling. Suid-Afrika het nog met oneindig baie probleme te make. In baie opsig is dit nog 'n donker land. Verdeeldheid, vooroordeel, rassisme, korrupsie, swak regering, armoede, honger, werkloosheid en siekte saai verwoesting. Oneindig veel moet nog gedoen word. Die WVK kon op sy beste slegs 'n bydrae lewer. Die langsame, moeisame pad van waarheid, geregtigheid, vergifnis en versoening moet verder gestap word. Ons het nog lank nie die eindbestemming bereik nie.

Maar daar is lig op die horison! Nadat hy by soveel verskillende menseregteskendingsverhore voorgesit het, waar slagoffers hul hartseer op die tafel geplaas het, asook by geleenthede waar oortreders met skaamte voor die *Am-*

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

nestiekomitee verskyn het, waar die apartheidsgeskiedenis in al sy brutaliteit geboekstaaf is, maar waar óók verstommende verhale van genesing en vergifnis vertel is, kon Tutu nie help om 'n loflied aan te hef nie:

> We have been wounded but we are being healed. It is possible even with our past suffering, anguish, alienation and violence to become one people, reconciled, healed, caring, compassionate and ready to share as we put our past behind us to stride into the glorious future God holds before us as the Rainbow People of God.[20]

LITERATUUR

Alex Boraine, *A Country Unmasked*. Oxford: Oxford University Press 2001.

John de Gruchy, *Cry Justice!* Londen: Collins 1968.

Brandon Hamber, *Dr Jekyll and Mr Hyde: Problems of Violence Prevention and Reconciliation in South Africa's Transition to Democracy*. Johannesburg: Centre for Violence and Transformation 1997.

Nelson Mandela, *Long Walk to Freedom*. Londen: Macdonald Purnell 1994.

Piet Meiring, *Kroniek van die Waarheidskommissie/A Chronicle of the Truth Commission*. Vanderbijlpark: Carpe Diem 1999.

Piet Meiring, 'Unshackling the ghosts of the past', *Missionalia* 2002-1, pp. 56-69.

Desmond Tutu, *No Future Without Forgiveness*. Londen: Rider 1999.

Desmond Tutu, *God is not a Christian*. Londen: HarperOne 2011.

Charles Villa-Vicencio en Wilhelm Verwoerd (red.), *Looking Back, Reaching forward. Reflections on the TRC in South Africa*. Kaapstad: UCT Press 2000.

William van Vught en Daan Cloete, *Race and Reconciliation in South Africa*. Lanham: Lexington Books 2000.

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)

NOTEN

1 Desmond Tutu, *God is not a Christian*. Londen: HarperOne 2011, p. 40.
2 South African Truth and Reconciliation Commission, *Report*, *Volume 5*. Kaapstad: TRC 1998, p. 43.
3 Brandon Hamber, *Dr Jekyll and Mr Hyde: Problems of Violence Prevention and Reconciliation in South Africa's Transition to Democracy*. Johannesburg: Centre for Violence and Transformation 1997, p. 3 e.v.
4 Piet Meiring, *Kroniek van die Waarheidskommissie* (Afrikaanse uitgawe). Vanderbijlpark: Carpe Diem 1999, p. 30.
5 Charles Villa-Vicencio, in: *The Sunday Independent*, 7 Junie 1998 (artikel).
6 Charles Villa-Vicencio en Wilhelm Verwoerd (red.), *Looking Back, Reaching Forward. Reflections on the TRC in South Africa*. Kaapstad: UCT Press 2000, p. 28.
7 Meiring, *Kroniek*, p. 36.
8 William van Vught en Daan Cloete, *Race and Reconciliation in South Africa*. Lanham: Lexington Books 2000, p. 190.
9 Piet Meiring, *A Chronicle of the Truth Commission* (Engelse uitgawe). Vanderbijlpark: Carpe Diem 1999, p. 371.
10 Van Vught en Cloete, *Race and Reconciliation*, p. 196.
11 Tutu, *God is not a Christian*, p. 42.
12 Alex Boraine, *A Country Unmasked*. Oxford: Oxford University Press 2001, p. 349.
13 Ibidem, p. 361.
14 John de Gruchy, *Cry Justice!* Londen: Collins 1968, p. 171.
15 Nelson Mandela, *Long Walk to Freedom*. Londen: Macdonald Purnell 1994, p. 617.
16 Desmond Tutu, *No Future Without Forgiveness*. Londen: Rider 1999, p. 212.
17 Boraine, *A Country Unmasked*, p. 372.
18 Piet Meiring, 'Unshackling the ghosts of the past', *Missionalia* 2002-1, pp. 56-69, ald. p. 68.
19 André Brink, *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg 2000, p. 86.
20 Meiring, *Chronicle*, p. 379.

Sebastiaan Roes (red.), Vergiffenis en het recht. Essays voor Edith Brugmans
Valkhof Pers, Nijmegen 2013
(Annalen van het Thijmgenootschap, afl. 101.3)